

6

WAAR HET GOD MET JOU BEGIN?

Die verbond en die geskiedenis

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet Jesus Christus het aan die dissipels en aan hulle 'n opdrag gegee oor hoe hulle die kerk moet laat werk.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- Jesus 'n opdrag aan sy dissipels gegee het; en
- hierdie opdrag rigting aan die kerk gee vir alle tye.

Gesindheid

Die kinders moet die Here se oproep aanvaar en hulleself diensbaar maak om hierdie opdrag die belangrikste doelwit in hulle lewe te maak.

Vaardigheid

Die kinders moet gehoorsaam deel word van die kerk, en die opdrag van Christus elke dag uitleef.

MEER INLIGTING (Matteus 28: 16-20; Handeling 2: 37-47)

Die Nuwe Testament begin met vier boeke, ons noem dit die vier Evangelies – *evangelie* beteken *goeie nuus* of *blye boodskap*. Dit vertel die verhaal van Jesus se geboorte, lewe, lyding, sterwe en opstanding.

Na Jesus se opstanding uit die dood het Hy 'n paar keer aan sy dissipels verskyn. Hy het aan sy dissipels verduidelik wat Hy van hulle verwag wanneer Hy sy plek by die Vader gaan inneem. Ons lees hierdie opdrag aan die dissipels in Matteus 28: 18-20.

Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. **Gaan** dan na al die nasies toe en **maak** die mense my dissipels: **doop** hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en **leer** hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En **onthou**: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Na hierdie opdrag het die dissipels die Heilige Gees ontvang. Die Heilige Gees is die waarborg dat Jesus Christus altyd by sy kinders teenwoordig is. Die Heilige Gees het dit vir die dissipels moontlik gemaak om die opdrag van Jesus uit te voer.

Meer en meer mense het die goeie nuus gehoor en begin glo. In die boek Die Handeling van die Apostels lees ons hoe die dissipels die goeie nuus uitdra. Handeling laat 'n mens dink aan 'n ontploffing, die ontploffing van die goeie nuus deur die krag van die Heilige Gees.

Ons gaan in die volgende weke ontdek hoe hierdie blye boodskap deur die eeue heen by meer en meer mense uitgekom het.

Hierdie selfde boodskap het na meer as 2 000 jaar ook by jou uitgekom omdat geslagte voor ons aan hierdie selfde opdrag van Jesus in Matteus 28: 18-20 gehoorsaam was.

Jy het ook deel geword van die kerk wat nou en in die toekoms met hierdie selfde opdrag vir die Here bruikbaar kan wees.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Foto's, uitknipsels of videogrepe van verskillende soorte ontploffings.
- Velle papier waarop die verskillende groepe hulle antwoorde kan neerskryf tydens die Interfase Olimpiade.
- 'n Stophorlosie wat minute kan afmeet.
- 'n Prys vir die wenspan (duur pryse is nie nodig nie – eerder iets grappig en interessant).

KOM ONS BEGIN

Ons begin deur Gesang 488: 1, 2 en 4 saam te sing of te lees as 'n gebed.

*Helder skyn u lig vir die nasies,
'n vreugdeglans om die mense te verlig
tot die hele wêreld kan sien U is die lig.
Mag u lig, Heer, deur óns skyn.*

*Vrolik klink ons lied vir die volke,
'n pryslied bring al die nasies om ons saam
tot die hele wêreld kan jubel oor u Naam.
Mag u lof, Heer, deur óns klink.*

*Heer, u Woord gee hoop aan die nasies;
'n hartvol hoop om die volke te verbly
tot die hele wêreld kan glo dat U bevry.
Mag U hoop, Heer, deur óns gee. Amen.*

VANDAG LEER ONS

IETS INTERESSANT

Behandel die besonderhede by **MEER INLIGTING** in die groot groep aan die hand van die volgende gesprekspunte:

- Jesus self het aan sy dissipels 'n opdrag gegee.
- Hierdie opdrag bestaan uit 'n klomp werkwoorde: **gaan, maak dissipels, doop, leer, onthou.**
- Elke werkwoord gee vorm aan die kerk se bediening in die omgewing waar dit leef. Verduidelik wat elke werkwoord behels.
- Die dissipels het hierdie opdrag saam met die Heilige Gees ontvang sodat hulle toegerus kan wees vir die taak.
- Ons het dieselfde opdrag as die dissipels ontvang en ons moet elke dag in ons gemeente en ons lewe hierdie *werkwoorde* uitleef, dit met ander woorde doen.
- Die boek Handelingte laat 'n mens dink aan 'n ontploffing, die ontploffing van die goeie nuus deur die krag van die Heilige Gees. Plak die prente op 'n bord of wys die videorepe.

IETS BELANGRIK

Die klem by hierdie aanbieding moet val op **leer deur groepwerk en deelname**. Probeer om hierdie doelwit by die eerste faseles te vestig sodat die kinders die doel van die faselesse sal verstaan. **Onthou, by alle groepwerk bepaal die aantal kinders altyd die grootte van die groepe.**

IETS OM TE DOEN

- Laat die verskillende graadgroepe opdeel in graad 8, 9 en 10 onderskeidelik. Indien die groepe baie groot is, kan die onderskeie graadgroepe verder opgedeel word in kleiner groepe van ongeveer 10. Gee aan elke groep 'n vel papier om op te skryf.
- Al die groepe ontvang die volgende opdrag (**gee 10 minute**):
 - Julle groep word 10 dae gegee om die boodskap oor Jesus Christus aan soveel mense moontlik te versprei. Dink saam aan die beste strategie deur die volgende vrae te bespreek en julle gedagtes neer te skryf:
 - Wat gaan julle groep se eerste stap wees?
 - Watter hulpbronne gaan julle gebruik?
 - Watter vorm(s) van media gaan julle gebruik?
 - Hoe gaan julle maak om fondse te kry?
 - Hoe gaan julle weet hoeveel mense deur julle projek bereik is?
- Laat die groepe aan die groot groep terugvoer gee oor hulle idees en projekplanne.

Of

- Laat die verskillende graadgroepe opdeel in graad 8, 9 en 10 onderskeidelik. Indien die groepe baie groot is, kan die onderskeie graadgroepe verder opgedeel word in kleiner groepe van ongeveer 10. Gee aan elke groep 'n vel papier om op te skryf.
- Al die groepe ontvang dieselfde opdrag:
 - Laat hulle 5 kolomme maak op die papier wat hulle gekry het.

- o Laat hulle die 5 verskillende werkwoorde uit Jesus se opdrag neerskryf in die 5 kolomme: *gaan, maak, doop, leer en onthou*.
- o Laat hulle groep die maniere waarop hulle gemeente besig is met hierdie 5 werkwoorde in die opdrag van Jesus, neerskryf:

gaan	maak dissipels	dooop	leer	onthou
<i>Sending, kursusse, betrokke by die gemeenskap, barmhartigheid, uitdra van die Woord, toere, kampe, uitreik-aksies, Bybelstap, hospitaalbediening, hulpverlening, huisbesoek, ensovoorts.</i>	<i>Evangelisasie, kategeese, eredienste, Bybelverspreiding, uitreik na ander, spesiale geleenthede, jeuggeleenthede, Bybelstudies, toerusting, huisbesoek, ensovoorts.</i>	<i>Sakramente, doopkategeese, oerleiding, gesinsbediening, toerusting, gesinskampe, ensovoorts.</i>	<i>Eredienste, Bybelstudies, kategeese, kampe, Bybelvasvrae, huisbesoek, kursusse, evangelisasie, Bybelverspreiding, spesiale geleenthede, jeuggeleenthede, ensovoorts.</i>	<i>Eredienste, sakramente, kerklike jaar, vieringsgeleenthede, herdenkings, kursusse, Bybelstudies, kategeese, Bybelvasvrae, ensovoorts.</i>

- Laat die groepe in die groot groep terugvoer gee, en gebruik die terugvoer as 'n bespreking van die opdrag van Jesus Christus volgens Matteus 28: 16-20.

Interfase Olimpiade 1

Hierdie olimpiade gaan deurgaans by die faselesse van hierdie jaar plaasvind. Die doel hiervan is 'n leerervaring deur pret met 'n kompetisiekomponent. Hierdie olimpiade bestaan uit 3 verskillende afdelings.

- Gebruik dieselfde groepe wat tydens die aktiwiteit by IETS OM TE DOEN gevorm is.
- Deel weer aan elke groep 'n vel papier uit en maak seker dat die groep 'n pen het.

Afdeling A – Stomstreke

- Laat elke groep 3 kinders aanwys wat 3 verskillende woorde of begrippe, een op 'n slag, aan die groep moet verduidelik in gebaretaal.
- Al die groepe se *stommes* kom kyk na die woord of begrip by die kategeet en het dan 1 minuut om die woord of begrip aan die groep te verduidelik. Geen woorde, geluide of spelling van woorde mag gebruik word nie, slegs gebaretaal.
- Die groepe wat binne die een minuut by die regte antwoord kon uitkom, ontvang een punt. Die ander ontvang geen punte nie.
- Die 3 woorde of begrippe vir hierdie afdeling is: *dissipel, sonde, vergewe*.

Afdeling B – Slegs 'n prentjie

- Laat elke groep 3 kinders aanwys wat 3 verskillende woorde of begrippe, een op 'n slag, met 'n prentjie op 'n papier teken vir die groep om te identifiseer.
- Al die groepe se *kunstenaars* kom kyk na die woord of begrip by die kategeet en het dan 1 minuut om die woord of begrip vir die groep te skets. Geen woorde, geluide of spelling van woorde of getalle mag gebruik word nie, slegs sketse.
- Die groepe wat binne die een minuut by die regte antwoord kon uitkom, ontvang een punt. Die ander ontvang geen punte nie.
- Die 3 woorde of begrippe vir hierdie afdeling is: *dooop, wonders, roep*.

Afdeling C – Vasvra

- Die groepe lees die Bybelgedeeltes vir hierdie afdeling in hulle Bybels deur.
- Die groepe gaan deelneem aan 'n vasvra met 5 vrae. Die vrae word aan almal gestel en die antwoorde word na afloop van die vrae gemerk. Een punt word toegeken vir 'n regte antwoord.
- Die vyf vrae (en antwoorde) is soos volg:
 1. Volgens Matteus 28: 16-20 het die dissipels Jesus aanbid toe hulle Hom sien, hoewel party *getwyfel* het.
 2. Skryf die 5 werkwoorde in die opdrag van Jesus in die regte volgorde neer. *Gaan, maak dissipels, doop, leer, onthou.*
 3. Watter *gawe* sal die eerste bekeerdes volgens Handeling 2: 37-47 ontvang? *Die Heilige Gees.*
 4. Watter apostel het met die eerste bekeerdes gepraat? *Petrus.*
 5. Wat het die eerste gelowiges met hulle grond gedoen? *Verkoop, en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte.*
- Aan die einde van die olimpiade word die punte van Afdelings A, B en C bymekaargetel vir elke groep, en die wenner(s) word bekroon. Moedig die groepe aan om mekaar te probeer klop by die volgende faseles.

BY DIE HUIS

DOEN

Die kinders gaan hierdie week kennis maak met Bybelverspreiding as deel van die opdrag van Jesus Christus aan die kerk.

- **Navorsing:** Laat hulle hulle ouers vra om hulle te help om die volgende inligting van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika na te vors deur die internet of 'n ander bron te gebruik:
 - In hoeveel verskillende tale is die Bybel al vertaal?
 - Hoeveel Bybels het die Bybelgenootskap verlede jaar versprei?
 - In watter ander formate (behalwe gedrukte Bybels) word die Bybel beskikbaar gestel?
 - Wat is die simbool (embleem) van die Bybelgenootskap?
 - Waar lees ons in die Bybel van hierdie simbool (embleem)?
- **Versprei 'n Bybel (opsioneel)**

Laat hulle –

 - hulle ouers vra om saam met hulle te dink aan iemand waarvan hulle weet wat nie 'n Bybel het nie.
 - moeite doen en uitvind in watter taal daardie persoon 'n Bybel sal kan lees.
 - kyk of hulle gesin/familie/vriendekring die geld bymekaar kan maak om vir daardie persoon 'n Bybel te koop.
 - met die kolporteur van die gemeente reël om die Bybel in die regte taal by die Bybelgenootskap te bestel.

- Hierdie aksie hoef nie noodwendig in hierdie week afgehandel te wees nie.

AFSLUITING

Sluit af met 'n gebed, of laat een van die kinders 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.